NOU OF NOOIT?

'n Skuif is nodig

RUDI BUYS

Prop Rudi Buys is jeugwerker
by Stellenbosch-Welgelegen gemeente.

Die naweek voor die afgelope Algemene Sinode is die eerste Jeugsinode van die NGKSA onder leiding van die Algemene Jeugkommissie byeengeroep. Vanuit al die streeksinodes is afgevaardigdes byeengebring. Ongeveer 140 lidmate van die NGK tussen die ouderdomme van 18 en 35 het deelgeneem (die gemiddelde ouderdom was 25). Die doelwit was om 'n dinamiese, interaktiewe en treffende (DIT) gespreksforum te skep waar die opkomende generasie menings kan gee en vorm.

Die vraag is nou: Is dit wenslik om 'n paralelle struktuur te skep vir die volgende generasie? En indien wel, op watter maniere sal verhoed word dat hierdie struktuur uiteindelik 'n volgende kerklike versplintering te weeg bring?

'n Antwoord op hierdie vrae blyk uit twee omwentelings in die proses tot en van die Jeugsinode.

Die eerste omwenteling bestaan uit die resultate van vraelyste wat afgevaardigdes in voorbereiding op die Sinode in hul plaaslike gemeenskappe moes sirkuleer. Die vraelyste is versprei onder daardie jong werkendes wat nie meer deel is van die kerklike gemeenskap nie. Hierdie statistiek toon aan dat hierdie generasie hul nie met die NGK wil assosieer nie, en tog steeds 'n werklike spirituele soeke het na God en gemeenskap – en hul hou oorwegend die kerklike strukture en -gemeenskap verantwoordelik vir hul ervaring van "nie-welkom-nie".

Vir die afgevaardigdes na die Jeugsinode was hierdie resultate geen nuus nie – eerder 'n bevestiging daarvan dat die formele struktuur nie die kapasiteit het om hierdie generasie te ontmoet nie.

Om hierdie rede is die noodsaaklike euwel van parallelle organisasie 'n werklikheid.

Die tweede omwenteling bestaan in die voorlegging van die Jeugsinode by die Algemene Sinode – hieronder aangehaal. Die voorlegging sit die DIT-vergadering se standpunt jeens die kerk en die uitdaging van 'n "verlore generasie" uiteen. Dit dui onomwonde op die rigting en die inhoud (kernwaardes) waarmee die kerk geloofwaardigheid vir vandag se mense kan herwin. Hierin word aangedui hoe die bestaande strukture 'n versplintering kan voorkom:

“Ons ***waardeer*** dit wat u ondersteuning van die Jeugsinode vir ons verteenwoordig: dat u die kerklik *liminale werklikheid* van jonger en gesekulariseerde lidmate ernstig neem; die ruimte wat u ons gee om ons diverse werklikheid, ons anderswees, te ondersoek en te *beliggaam*.

Ons ***erken*** u vir die eerlike poging waarmee u omgaan met die kwessies van ons *geloofsrealiteit*; ons *lewensrealiteit* van lotto, gay-wees, terrorisme en geweld, die Bybel, diskriminasie, armoede, ekologie, vigs ensovoorts. Die manier waarop u ook soms kan sê: Ons weet nie!

Ons ***bevestig*** dat ons steeds oortuig is van die rol wat die NGK, die gereformeerde tradisie, ja, die evangelie, kan speel in die *herstel en groei* van ons land en sy mense.

Ons ***hoop*** op en het geloof in die potensiaal van plaaslike gemeentes en *geloofsgemeenskappe* om die *nood aan spiritualiteit en vereensaming* van ons geslag aan te spreek. Ons wat nader staan aan die toekoms. Ons saam met wie u nuwe moed kan skep.

Met die oog op die DIT-Sinode het ons onsself getoets. Ons respondente was die vaag bekende gesigte van mense wat die kerk steeds ken, maar van haar verwyder is. Daarbuite is die onbekende gesigte van die gesekulariseerdes wat die kerk nie ken of wil ken nie – hulle is nie getoets nie.

90% van ons leef steeds met Jesus Christus. 29 % voel verstoot deur die kerk. 24 % verlang steeds na die Kerk. 60% eis verandering. 30% glo die kerk is irrelevant. 30% is ons eie skuld. 71% daarvan lê in die kerk se hande. 30% voel die kerk gaan dit maak. 70% dink die kerk gaan nie.

Die kritieke tyd vir kerkoorlewing is nou. Nie in getalle nie. Nie in teikenmarkte nie. Nee, alleen ’n *geloofwaardige getuienis* vir ons tyd; ’n geloofwaardige missie, kan ons red. Ons uitdagings aan kerkwees groei uit die waardes van *integriteit, diversiteit, eenheid, kleurvolheid, sosiale verantwoordelikheid, broosheid, egtheid en gelykwaardigheid*. Die uitdaging om op *lewensbevestigende* wyse in verhouding te tree met die vreemdeling, met die vreemde werklikheid om ons. Die uitdaging van *ekumene*. Die uitdaging van ’n *Afrika-spiritualiteit*.

Die ***uitdaging*** voor u is om die *visionêre* stukrag, die *kreatiewe* potensiaal van ons geslag deel te maak van strukturele *besluitneming*. Om met ons te praat, en nie oor ons te praat nie. Die uitdaging voor u is om te *luister* en gewillig deur ons *begelei* te word na ander geloofsruimtes, soos u self ook vir ons wil en sekerlik kan begelei na ruimtes van geloof.

En daarom is ons ***versoek*** aan u, ons uitnodiging aan u, ons uitroep tot u om met ons in *vennootskap* te tree. Om saam die weg te soek tot geloofwaardige hedendaagse en toekomsgerigte getuienis. ’n *Netwerk* van vennootskappe tot vervulling van God se koninkryk en eer.

’n Vennootskap tot belydenis en roeping.”

Die werklikheid van ’n *post*-generasie is radikaal anders. Post-suspisie, post-struktuur, post-fundamenteel, post-homogeen, post-sekulêr, ensovoorts. Dit eis ’n heroorweging van elke waarde en waarheid wat sonder meer aanvaar word. Onwrikbaar is dit egter vry om vas te hou aan die misterie van God. Skep dit ’n lewe intens beweeglik, met oneindige moontlikhede. ’n Werklikheid waarin ’n mondige spiritualiteit sinoniem is met oorlewing.

’n Werklikheid wat die generasie die kerk nie deel van beskou nie.

Ja, ’n skuif is nodig … nou, of anders, **nooit**